LAURIKA RAUCH — haar nuutste langspeler, Vir Jou, is 'n heerlike verrassing vir haar duisende bewonderaars.

Almal stem saam, hier kom...

Laurika se beste

Deur PIERRE VAN WYK: Johannesburg

'N HEERLIKE verrassing vir die duisende bewonderaars van Laurika Rauch: Vir Jou, haar jongste langspeler, is sekerlik haar beste!

Die plaat word op 27 Januarie uitgereik. Kenners meen 'n waardiger bydrae tot die Afrikaanse liedjiekuns kon 'n mens nie verwag het nie. Laurika se vorige twee langspelers, Debuut en 'n Jaar in My Lewe, was uiters gewild.

"Die plaat is vir my vooruitgang," meen Laurika self. "Ek is tevrede daarmee soos wat ek met die vorige twee was.

"'n Mens kan miskien sê ... Debuut was 'daglig', soos wat 'n Jaar in My Lewe 'skemering' was. En Vir Jou is vir my 'sagte oggendlig' — dit het beslis 'n ligter, fyner tekstuur."

Laurika en haar man, Awie de Swardt, het 'n eersteling op pad vroeg in die nuwe jaar. Die groot dag is 29 Maart — "maar miskien 1 April. My skoonma verjaar op 1 April en sy sê dit is heerlik — niemand vergeet ooit jou verjaardag nie!"

Maar oor Vir Jou: "Opwindend", "vars", meen die kenners wat tot dusver "in die geheim" na die plaat geluister het. Met die oorspronklikheid en gehalte is almal ingenome.

Laurika verduidelik: Debuut was 'n Goue Plaat — seker oor die welslae wat Kinders van die Wind in die platemark behaal het. 'n Jaar in My Lewe was iets anders. Dit was gewild, hoewel daar geen treffer op was nie.

Ek het vandeesweek self ook na Vir Jou geluister, en stem saam: die plaat is meer afgerond, spreek meer tot die geoefende luisteraar.

"Rondomtalie Mallemeule is die snit waaroor ek seker die gelukkigste is. Dit is filmies — ek dink dit sal die beste vaar." (Dié snit is geskep deur haar man, Awie, Fransua Roos en Patrick van Blerck.)

Kyk net na Laurika en Awie se gesamentlike skepping, Meraai se Saamry:

Oorstuur en belaai wyk ons uit
na die lafenis van naweekpaleise
Tuis waak 'n spreiligalarm—
hou 'n oog oor ons weerlose huise.

Haar ereposisie is stewig geset
reisvaardig, gevestig op die agtersitplek—
skynbaar oorbodig, maar tog integraal.
Meraai se bystand is 'n uitspanverhaal...

"Dié snit het ek en Awie saam op ons wittebrood gedoen — Awie die woorde en ek die musiek. Die woorde is eintlik net 'n bietjie sosiale kommentaar."

Twee snitte, Alleen en Vir Jou, is sowat sewe weke gelede as kortspeler uitgereik.

"Dan is daar ook twee "tradisionele" snitte — 'n 'bonus', kan 'n mens sê — Op My Ou Ramkietjie en Wiegeliedjies.

"Wiegeliedjies bestaan uit drie bekende liedjies: Siembamba, Pikaninie-Wiegelied en Slaap, Kindjie, Slaap. En dit is vir my baba — ek was al drie maande swanger toe dié nommer gestalte gekry het.

"Die plaat is 'n gesamentlike skepping van my en Awie. Sy belangstelling was baie belangrik. Voorheen het ek dinge maar alleen gedoen, en skielik was daar iemand wat direk betrokke was en 'n bydrae gelewer het.

"Dan Hill het in sy verwerking 'n wonderlike huwelik tussen kommersiële en gemotiveerde musiek voltrek," sê Laurika.

Die koms van die baba het 'n belangrike rol gespeel by die keuse van musiek.

"'n Baba bring 'n nuwe dimensie in 'n mens se lewe. En dit het natuurlik die 'gevoel' van die plaat beïnvloed.

"Aan die ander kant raak 'n mens met die swangerskap só ingestel op wat besig is om te gebeur dat jy skoon vergeet wat jy was, is of gaan wees. Dit is ongelooflik. Ek is nou letterlik net gereed vir dié dag."